**Hoe maatskaplike toelaes die Protestantse werksetiek vernietig**

**Prof. Gerrit Smit**

***"Europeans have domesticated the sin of laziness. Boredom is taking over the youth."* – George M. Neamtu.**

Tydens die onlangse konferensie wat die teologiese dosente bygewoon het in Grand Rapids in die VSA het George Neamtu 'n insiggewende referaat gelewer oor die probleem wat tans in Europese lande aan die toeneem is. Die probleem is ten opsigte van die luiheid van die bevolking wat spesifiek veroorsaak word deur die uitdeel van maatskaplike toelaes deur die regering.

George Neamtu is gebore in Roemenië in die tyd toe die land nog onder Kommunistiese beheer was. Hy het eerstehands beleef hoe kommunisme die vryheid wat die Protestantse teologie teweeg gebring het, onderdruk het en van burgers slawe van die regering gemaak het. Na die val van kommunisme in Roemenië het Neamtu geleentheid gehad om in die Verenigde Koninkryk te gaan studeer en tans is hy 'n lid van die amptelike opposisie in die Roemeense parlement.

Neamtu het angswekkende statistieke gedeel van hoe die sonde van luiheid dwarsdeur Europa hoogty vier, en veral jongmense meer-en-meer afhanklik maak van maatskaplike toelaes wat die regering aanbied en hoe hulle al hoe minder moeite doen om werk te soek of verder te studeer omdat die toelaes hulle in staat stel om aan die lewe te bly en hulle tyd te verwyl met rekenaarspeletjies, kattekwaad of seksuele losbandigheid.

Van die insiggewende statistieke sluit die volgende in:

- In Griekeland is die werkloosheidsyfer tans 42%, in Spanje 35% en in Frankryk 21%. Hoewel die werkloosheid in hierdie lande vergelyk met dié van derdewêreldlande, is Frankryk tans die Europese land met die hoogste getal stakings en industriële aksie in Europa. Neamtu is van mening dat hoe meer mense die geleentheid gegun word om te staak, hoe minder wil hulle werk.
- In April 2018 was 8,4% van die hele Europese bevolking werkloos en die syfer styg jaarliks.
- Slegs in die laaste jaar het reeds 4,5 miljoen vlugtelinge uit veral Afrika en die Midde-Ooste Europa binnegestroom. Talle van hulle begin ook aanspraak maak op maatskaplike toelaes wat al hoe groter druk op die belastingbetalers plaas.
- Die jaarlikse ekonomiese groei in Europa is tans minder as 1,5%.
- Mense hou in die somer vakansie want hulle meen dit is te warm om te werk en bly in die winter by die huis en daag nie op vir werk nie, omdat hulle meen dit is te koud. Die ekonomiese verliese van meeste Europese lande is besig om ongekende afmetings te neem.
- In Noorweë word die helfte van die jaarlikse inkomste van die staat reeds aan maatskaplike toelaes spandeer.
- Europese regerings spandeer al hoe minder aan die infrastruktuur en al hoe meer aan maatskaplike toelaes, en hoe meer mense maatskaplike toelaes ontvang, hoe minder mense is bereid om te werk en dié wat wel nog werk, maak ook meer daarop aanspraak om toelaes te ontvang.
- Die jeug is so verveeld en so behep met die sosiale media dat daar selfs al jong mense in Europa is wat selfmoord lewendig op Facebook uitsaai.

Volgens Neamtu is vermaak besig om Europa se staatsgodsdiens te word. Dit is ironies dat die Christendom juis in die wêreld gekom het tydens die Romeinse bewind waar seksuele losbandigheid,

vermaak en korrupsie hoogty gevier het om mettertyd ook Europa te kersten en nou is dit juis dieselfde euwels wat besig is om die nalatenskap van die Protestantse godsdiens in Europa te vernietig. Kerke staan ongebruik as museums en monumente wat herinner aan vervloë dae. Europa is volgens Neamtu meer-en-meer besig om soos Rome van ouds te lyk.

Christene was egter nog altyd bekend vir die feit dat hulle hard werk, en dat werk vir hulle eervol is. In die Protestantse beskouing oor die etiek van arbeid was werk nog altyd beskou as ‘n gawe van God en ‘n geleentheid om vanuit die sweet van die aangesig ‘n bydrae tot die samelewing te maak en ook die gesin te onderhou. Die gevaar is dat hierdie Protestantse werksetiek tans deur maatskaplike toelaes in Europa vernietig word.

Neamtu se antwoord op die probleem is dat ons moet leer uit die strokieskarakter Mogli in *The Jungle Book.* Dit is eers toe hy aan die einde van die storie besef dat hy nie gemaak is om in die oerwoud saam met die tiere en die bere te bly nie, maar dat hy gemaak is om standvastigheid in ‘n gesin met mense te vind, dat hy besef het wat hy al die jare gemis het. Tans beleef Europa ‘n tydperk waarin hulle soos Mogli in die storie die oerwoud geniet en nie dink aan die gevolge vir môre nie.

Twee belangrike Christelike waardes is tans onder groot druk in Europa naamlik werksetiek en mede-verantwoordelikheid. Volgens Neamtu is dit nodig dat Europa as sendingveld beskou moet word, en dat hulle veral weer die boodskap van Christus se bevryding van die slawerny van hierdie wêreld móét hoor om mettertyd die Protestantse beskouing oor etiese arbeid te herstel.

Dit is in dié verband van die toestand van Europa se beskouing oor arbeid waaroor Neamtu waarsku: *Europeans have domesticated the sin of laziness. Boredom is taking over the youth."* Hierin is ‘n belangrike les ook vir ons in Suid-Afrika ten opsigte van die euwels wat maatskaplike toelaes kan veroorsaak, te leer. As iemand nie werk nie, en tog ontvang, waarom sal hy dan nog wil werk?

Neamtu se pleidooi is: kom ons leer ons jongmense opnuut die waarde van harde, eerlike werk soos die Skrif dit van ons eis.